



Universiteit van Pretoria Jaarboek 2016

Hoër Sertifikaat (Sportwet) Opsie: Sportafrigting (10120001)

Duur van studie 2 jaar

Totale krediete 130

Kontak Dr F Rossouw france.rossouw@up.ac.za +27 (0)124206116

Programinligting

Die sertifikaatprogram verskaf 'n basis vir kennis- en vaardigheidsontwikkeling vir die verbetering van sportprestasie dmv fisieke evaluering, oefening-/ kondisionerings-voorskrifte en navorsing. Die doel is om wêreldklas afrigters te ontwikkel wat suksesvol in 'n interdisiplinê omgewing kan funksioneer om sodoende atlete en sportspanne se prestasie te verbeter deur die gebruik van die nuutste tegnieke en navorsing. Daar word dus gestreef na internasionaal erkende akademiese uitnemendheid met plaaslike relevansie. Die program sal 'n ideale leeromgewing skep deur die gebruik van lesings, tutoriale, praktiese sessies en probleemoplossingsgeleenthede. Studente sal hul opleiding van kundiges in die veld van sportwetenskap en afrigting ontvang. Studente sal die geleentheid gebied word om met verskeie sportkodes en sportlui op verskillende vaardigheidsvlakke te werk. Studente wat die program suksesvol voltooi en verder wil studeer, kan aansoek doen vir die BA (Sport en Vryetydstudies) Opsie: Sportafrigtingprogram in die Fakulteit Geesteswetenskappe, of die BEd-graad in die Fakulteit Opvoedkunde.

Ander programspesifieke inligting

* Studente wat in terme van hul akademiese geletterdheid as risikogevalle geïdentifiseer is, is verplig om VAG 110 en VAG 125 te neem.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die [Algemene Regulasies \(G Regulasies\)](#) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertrouwd met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die [Algemene Reëls](#) sal wees. Onkunde betreffende hierdie regulasies en reëls sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.